# ORANIA SENSUS 2023

Oktober 2024



ORANIA DORPSRAAD

# Inhoudsopgawe

1. Onafhanklike evaluering .......... 2
2. Kaart van Orania .......... 4
3. Kaart van Orania Dorpsgebied .......... 5
4. Bevolkingsgetalle en demografiese inligting .......... 6
5. Besigheidsinligting .......... 8
6. Bou- en konstruksiebedryf .......... 12
7. Onderwys en opleiding .......... 14
8. Belastingbasis .......... 15
9. Openbare kapitaalvorming .......... 16
10. Klimaat .......... 17
11. Voedselmandjie .......... 18

# 1. Onafhanklike evaluering

Werner Fourie werk as Ekonomiese Navorser vir die Orania Ontwikkelingsmaatskappy. Sy navorsing fokus op die impak van landomslotenheid op Orania en hoe dit die dorp se industrieë en infrastruktuur kan beïnvloed, met die doel om belangrike beplanningsriglyne te bied. Hy gee kortliks sy interpretasie van die Orania Sensus 2023:


Werner Fourie

## 1. Bevolking en demografiese inligting

Die totale inwoners en huishoudings in Orania het albei van 2019 tot 2023 teen ‘n gemiddelde koers van 12.8% vermeerder. Hierdie tendense is positief vir die ekonomiese vooruitgang van Orania omrede dit die vraag na produkte en dienste binne die dorp vergroot – die skaal of mark binne Orania vergroot namate die hoeveelheid inwoners toeneem - gevolglik verryk dit Orania met ‘n groter verskeidenheid van vaardighede en talente wat lei tot ‘n meer gediversifiseerde en stabiele ekonomie.

### 2. Besigheidsinligting[1]

Die aantal besighede met ‘n omset meer as Φ 250 00.00 wat deelgeneem het aan die opname groei met 68% vanaf die vorige jaar. Die meeste van hierdie ondernemings in die opname word onder drie kategorieë verdeel, naamlik Dienslewering (44.6%), Handel (23.1%) en Konstruksie (13.2%). Onderskeidelik is dié drie kategorieë ook waar meeste Oraniërs in diens geneem word.

Die gemiddelde salaris in Orania toon ook sterk toename oor die afgelope vyf jaar, wat verligting bring vir werkers na ‘n tydperk van hoë inflasie. Verder bly sakevertroue grootliks onveranderd met ongeveer 3% van ondernemings wat minder aandui dat hul vertroue ‘Goed’ is en ongeveer 2% wat meer aandui dat sakevertroue ‘Gemiddeld’ is. Hoë vlakke van sakevertroue is goed vir ekonomiese groei, omrede dit lei tot investering en uitbreiding van besighede.

Wanneer daar gekyk word na besigheidseienaars se vooruitsigte in terme van hul ondernemings se groei in omset, personeel en beleggings, blyk dit dat meeste verwag dat sake dieselfde gaan bly. Hierdie verwagting dui van moontlike kort-termyn stagnasie in die ontwikkeling van Orania se ekonomie - verlagings in Suid-Afrika se rentekoerse behoort binnekort verwagtinge positief te beïnvloed.

### 3. Bou- en konstruksiebedryf

Met ‘n geskatte waarde van Φ142 miljoen vir 2023 was die aantal bouaansoeke 3.4% meer as ‘n jaar tevore. Alhoewel dié toename laer was as normaalweg, is die totale hoeveelheid aansoeke ontvang in 2023 steeds meer as twee keer die hoeveelheid ontvang in 2019, wat dui op sterk uitbreiding van die dorp.

Die aansoeke wat die meeste toegeneem het in 2023 was vir industriële geboue, wat wys dat daar ‘n toenemende behoefte vir ondernemings is om in Orania te vestig. Verder neem aanbouings ook konstant toe oor die afgelope vyf jaar, wat toegeskryf kan word aan inwoners se optimistiese uitkyk oor die dorp se vooruitsigte.

### 4. Onderwys en opleiding

Onderwys en opleiding speel ‘n kardinale rol in die ontwikkeling van Orania. Dit is opmerklik dat die aantal leerlinge in Orania jaarliks teen ‘n gemiddelde koers van 9% groei. Die voordeel hiervan is dat meer opgeleide en geskoolde inwoners lei tot ‘n meer produktiewe werkersmag, wat ondersteunend is vir ekonomiese groei. Vanaf 2022 tot 2023 word die groei van totale leerlinge gedryf deur die uitbreiding van Bo-Karoo Opleiding, asook ‘n toename in tuisonderrig.

Afstandonderrig vanuit Orania toon self sterker groei waar aantal leerlinge gemiddeld teen 17.4% ‘n jaar toeneem. Oor die afgelope vyf jaar het leerlinge wat van hierdie model gebruik maak met meer as 90% toegeneem, waar die totale leerlinge tans op 272 staan. Hierdie toename dui op die geleentheid wat daar is vir Orania om kennis uit te voer en waarde elders toe te voeg.

### 5. Belastingbasis

Orania ontvang geen finansiële ondersteuning van die Nasionale Tesourie van Suid-Afrika nie en is self

1 Besigheidsinligting word vrywillig verkry van ondernemings in Orania. Nie alle ondernemings neem deel aan die sensus-opname nie, en die betroubaarheid van inligting ingesamel berus op die eerlikheid van werkgewers.

Daar was in 2023 meer as 300 geregistreerde ondernemings in Orania waarvan 248 aan die sensus deelgeneem het en waarvan 121 aangedui het dat hulle ‘n jaarlikse omset van meer as ϕ250 000.00 geniet.

verantwoordelik vir die lewering van basiese dienste, dus is dit nodig vir die dorp om sy eie inkomste te genereer. Die totale inkomste ingevorder vir 2023 beloop Ф 17.4 miljoen en groei die afgelope vyf jaar teen ‘n gemiddelde jaarlikse koers van 14.1%.

**6. Openbare Kapitaalvorming**

Kapitaalvorming is gemik daarop om verskeie infrastruktuur en ander lang-termyn projekte te bou om sodoende ’n ekonomie te ondersteun en te bevorder. Sonder kapitaal en die suksesvolle aanwending daarvan kan Orania nie ontwikkel nie. Die voordele wat kapitaalvorming inhou is dat dit geleenthede skep wat die lewenstandaard van Oraniërs kan verhoog en verdere uitbreiding van die dorp moontlik maak.

Die verskeie instellings wat spesifieke projekte aan pak se som totaal van kapitaal aangewend vir 2023 beloop tans Ф621 miljoen - die waarde van hierdie kapitaal groei oor die afgelope vyf jaar teen ’n jaarlikse koers van 22.1%.

**7. Klimaat**

Klimaat speel ‘n beduidende rol in die funksionering en ontwikkeling van ‘n gebied. Orania is ‘n semi-ariede gebied, wat gekenmerk is aan matige reënval (ongeveer 200 – 500 mm/jaar) en dikwels lang, droë seisoene en kort, nat seisoene, met koue winters en warm somers.

Vir die jaar 2023 was die reënval in Orania 396.2 mm gewees, wat aansienlik minder is as die 450.4 mm van die jaar van tevore. Die hoogste temperatuur was gemeet op 40.7 °C en laagste op -2.9 °C, wat dui dat 2023 ‘n aansienlike warmer jaar was as ‘n paar jaar tevore - die gemiddelde hoogste temperatuur van 2019 tot 2022 was 37.4 °C en die laagste -6.15 °C.


**8. Voedselmandjie**

Matige vlakke van prysstygings is nodig vir die behoud van stabiele plaaslike markte en die vertraging in waardevermindering van kontant en ander soortegelyke beleggings. Dit is belangrik dat inflasie nie buitensporig raak nie, omrede dit daartoe sal lei dat diegene in laer inkomste vlakke meer daardeur geraak sal word as ander groepe.

Die inflasiekoers op Orania se voeldselmandjie toon ‘n toename van 3.8%, wat aansienlik laer is as die koers waarteen pryse die vorige paar jaar gestyg het. In vergelyking met ‘n soortgelyke voedselmandjie vir die hele Suid-Afrika[2] styg voedselpryse teen 8.5% vir die jaar 2023. Dus blyk dit dat die prys van voedsel in Orania teen ‘n wesenlike laer koers verhoog het as in die res van Suid-Afrika.

2 Statistiek Suid-Afrika: https://www.statssa.gov.za/publications/P0141/P0141December2023.pdf. Dit moet ook gelet word dat die inhoud van die mandjies kan verskil wat vergelykbaarheid kan beïnvloed.

# 2. Kaart van Orania





| Gebiede | | Grootte (ha) |
|---|---|---|
| Orania Dorpsgebied (VAB) | | 483,3 |
| Vluytjeskraal 272-hoewes (VLU 272) | | 2557,7 |
| Vluytjeskraal-Noord (VKN) | | 285,0 |

| | |
|---|---|
| Totale grootte | 3326.0 |

** Nooitgedacht & Biesiesbult word nie op hierdie kaart aangedui nie.*

# 3. Kaart van Orania Dorpsgebied (OAB)




| Woonbuurte in Orania Dorpsgebied (OAB) | |
|---|---|
| | Orania-Oos (A-blok & B-blok) |
| | Orania-Wes (A-blok & E-blok) |
| | Kleingeluk (K-blok) |
| | Orania Plato (S-blok) |
| | Nywerheidsgebied (N-blok) |
| | Dorpshoewes / Oewergebied (H-blok) |

# 4. Bevolkingsgetalle en demografiese inligting

## Inwonerverspreiding

*Tabel 4.1: Inwonerverspreiding binne Orania*

| Woonbuurte | 2018 | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| OAB | 1308 | 1464 | 1634 | 1863 | 2047 | **2224** |
| VLU 272 | 240 | 254 | 319 | 366 | 302 | **393** |
| VKN | 54 | 55 | 65 | 95 | 107 | **114** |
| Kambrolandskap: Nooitgedacht & Biesiesbult * | | | 48 | **53** | 109 | **143** |
| **Totaal:** | 1602 | 1773 | 2066 | 2377 | 2565 | **2874** |

| | |
|---|---|
| Gemiddelde groei van inwonertal per jaar: | 12,8% |


** Inwoners van Nooitgedacht & Biesiesbult (Kambrolandskap Koöperatief) in 2020 bygevoeg.*

*Tabel 4.2: Inwonerverspreiding binne Orania Dorpsgebied (OAB)*

| Woonbuurte binne Orania Dorpsgebied | 2018 | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Orania-Oos (A-blok, B-blok & E-blok) | 620 | 628 | 703 | 723 | 753 | **838** |
| Kleingeluk (K-blok) | 447 | 569 | 608 | 690 | 756 | **811** |
| Orania Plato (S-blok) | 80 | 107 | 144 | 232 | 289 | **335** |
| Nywerheidsgebied (N-blok) | 12 | 9 | 11 | 14 | 43 | **27** |
| Dorpshoewes / Oewergebied (H-blok) | 149 | 151 | 168 | 204 | 206 | **213** |
| **Totaal:** | 1308 | 1464 | 1634 | 1863 | 2047 | **2224** |

| | |
|---|---|
| Gemiddelde groei per jaar | 11,0% |

*Tabel 4.3: Groei in Orania-inwonertal sedert 2006*




## Huishoudingverspreiding

*Tabel 4.4: Huishoudingverspreiding in Orania*

| Woonbuurte | 2018 | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Orania Dorpsgebied | 522 | 602 | 674 | 766 | 801 | **936** |
| VLU 272 | 84 | 79 | 115 | 85 | 106 | **114** |
| VKN | 25 | 24 | 30 | 41 | 51 | **47** |
| Kambrolandskap * | | | 12 | **20** | 35 | **43** |
| **Totaal:** | 631 | 705 | 831 | 912 | 993 | **1140** |

| Gemiddelde groei per jaar | 12,8% |
|---|---|

** Inwoners van Nooitgedacht & Biesiesbult (Kambrolandskap Koöperatief) in 2020 bygevoeg.*

*Tabel 4.5: Huishoudingverspreiding in die Orania Dorpsgebied (OAB)*

| Woonbuurte binne Orania Dorpsgebied | 2018 | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2022 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Orania-Oos (A-blok, B-blok & E-blok) | 240 | 252 | 274 | 283 | 287 | **338** |
| Kleingeluk (K-blok) | 189 | 239 | 246 | 297 | 307 | **346** |
| Orania Plato (S-blok) | 37 | 47 | 78 | 101 | 114 | **158** |
| Nywerheidsgebied (N-blok) | 4 | 5 | 4 | 5 | 11 | **8** |
| Dorpshoewes / Oewergebied (H-blok) | 52 | 59 | 72 | 80 | 82 | **86** |
| **Totaal:** | 522 | 602 | 674 | 766 | 801 | **936** |

| Gemiddelde groei per jaar | 11,7% |
|---|---|

# 5. Besigheidsinligting

In 2023 was daar meer as 300 geregistreerde ondernemings in Orania waarvan 248 aan die sensus deelgeneem het en waarvan 121 aangedui het dat hulle ‘n jaarlikse omset van meer as ф250 000.00 geniet. Die volgende inligting is gebasseer op die inligting soos ontvang van hierdie 121 ondernemings

**Besigheidsamestelling**

*Tabel 5.1: Aantal geregistreerde besighede in Orania met ’n jaarlikse omset van meer as Φ250,000*

| **Besighede** | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | **2023** |
|---|---|---|---|---|---|
| Aantal geregistreede besighede | 101 | 129 | 105 | 72 | 121 |

| | |
|---|---|
| Gemiddelde groei per jaar | 4,6% |

*Tabel 5.2: Verdeling van aantal geregistreerde besighede in Orania met ’n jaarlikse omset van meer as Φ250,000*

| **Besigheidskategorieë** | 2020 | 2021 | 2022 | **2023** |
|---|---|---|---|---|
| Dienslewering | 40,3% | 36,4% | 41,7% | **44,6%** |
| Handel | 31,0% | 21,7% | 27,8% | **23,1%** |
| Konstruksie | 17,8% | 14,2% | 12,5% | **13,2%** |
| Gasvryheid | 3,9% | 10,9% | 6,9% | **9,9%** |
| Vervaardiging | 3,9% | 10,1% | 5,6% | **5,0%** |
| Opleiding | 3,1% | 6,7% | 2,8% | **3,3%** |
| Landbou | 0,0% | 0,0% | 2,7% | **0,0%** |
| Munisipaal * | | | | **0,8%** |
| **Totaal:** | 100,0% | 100,0% | 100,0% | **100,0%** |

** Voor 2023 is Munisipaal as deel van Dienslewering gedokumenteer*

**Werksgeleenthede**

*Tabel 5.3: Verdeling van aantal permanente werknemers in diens van besighede met ’n jaarlikse omset van meer as Φ250,000*

| **Besigheidskategorieë** | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | **2023** |
|---|---|---|---|---|---|
| Dienslewering | 42,3% | 41,8% | 45,6% | 49,0% | **34,7%** |
| Handel | 19,2% | 19,6% | 20,3% | 22,4% | **17,5%** |
| Konstruksie | 14,9% | 16,3% | 12,0% | 9,8% | **13,6%** |
| Gasvryheid | 1,3% | 0,8% | 1,3% | 1,2% | **5,2%** |
| Vervaardiging | 2,6% | 2,1% | 2,8% | 3,1% | **4,5%** |
| Opleiding | 13,8% | 13,2% | 12,8% | 13,7% | **12,6%** |
| Landbouprodukte- en dienste | 5,8% | 6,1% | 5,2% | 0,8% | **0,0%** |
| Munisipaal * | | | | | **11,9%** |
| **Totaal:** | 100,0% | 100,0% | 100,0% | 100,0% | **100,0%** |

** Voor 2023 is Munisipaal as deel van Dienslewering gedokumenteer*

*Tabel 5.4: Verdeling van aantal tydelike / seisoenale werknemers in diens van besighede met 'n jaarlikse omset van meer as Φ250,000*

| **Besigheidskategorieë** | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | **2023** |
|---|---|---|---|---|---|
| Dienslewering | 27,0% | 26,0% | 32,2% | 36,7% | **40,0%** |
| Handel | 20,5% | 21,0% | 19,7% | 18,3% | **25,9%** |
| Konstruksie | 18,0% | 34,0% | 21,9% | 16,7% | **12,9%** |
| Gasvryheid | 0,0% | 0,0% | 8,7% | 8,3% | **10,6%** |
| Vervaardiging | 3,3% | 4,0% | 5,4% | 0,0% | **2,4%** |
| Opleiding | 9,8% | 5,0% | 6,6% | 13,3% | **8,2%** |
| Landbouprodukte- en dienste | 21,3% | 10,0% | 5,5% | 6,7% | **0,0%** |
| Munisipaal * | | | | | **0,0%** |
| **Totaal:** | 100,0% | 100,0% | 100,0% | 100,0% | **100,0%** |

** Voor 2023 is Munisipaal as deel van Dienslewering gedokumenteer*

*Tabel 5.5: Gemiddelde salaris per capita betaal deur besighede met 'n jaarlikse omset van meer as Φ250,000*

| **Besigheidskategorieë** | **2019 (ɸ)** | **2020 (ɸ)** | **2021 (ɸ)** | **2022 (ɸ)** | **2023 (ɸ)** |
|---|---|---|---|---|---|
| Dienslewering | 124 309 | 135 929 | 123 874 | 156 360 | **146 882** |
| Handel | 76 354 | 92 848 | 98 739 | 87 350 | **108 381** |
| Konstruksie | 54 373 | 113 469 | 112 326 | 119 454 | **135 568** |
| Gasvryheid | 148 333 | 104 750 | 113 083 | 50 500 | **94 972** |
| Vervaardiging | 90 630 | 88 784 | 99 520 | 112 667 | **107 419** |
| Opleiding | 106 826 | 122 120 | 124 482 | 131 089 | **148 851** |
| Landbouprodukte- en dienste | 45 087 | 62 076 | 87 320 | 120 429 | **-** |
| Munisipaal * | | | | | **260 088** |
| **Gemiddelde salaris per capita:** | 94 036 | 114 731 | 114 729 | 111 121 | **147 808** |

** Voor 2023 is Munisipaal as deel van Dienslewering gedokumenteer*

## Sakevertroue

*Tabel 5.6: Sakevertroue van besigheidseienaars van besighede in Orania met 'n jaarlikse omset van meer as Φ250,000*

| **Sakevertroue** | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | **2023** |
|---|---|---|---|---|---|
| Uitstekend | 32,9% | 37,8% | | 25,4% | **25,6%** |
| Goed | 17,7% | 41,8% | | 55,2% | **52,9%** |
| Gemiddeld | 49,4% | 18,4% | | 17,9% | **19,8%** |
| Swak | 0,0% | 1,0% | | 0,0% | **0,8%** |
| Baie Swak | 0,0% | 1,0% | | 1,5% | **0,8%** |

## Omset

*Tabel 5.7: Omset van besighede in Orania (Slegs besighede met 'n jaarlikse omset van meer as Ɵ250,000)*

| Besigheidsomset | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 |
|---|---|---|---|---|---|
| Omset in Ora: 0 - 1,000,000 | 51,9% | 52,0% | 55,2% | 35,9% | **71,4%** |
| Omset in Ora: 1,000,001 - 3,000,000 | 25,3% | 27,6% | 23,8% | 29,7% | **14,7%** |
| Omset in Ora: 3,000,001 - 5,000,000 | 8,9% | 9,2% | 10,5% | 7,8% | **7,3%** |
| Omset in Ora: 5,000,001 - 10,000,000 | 6,3% | 6,1% | 4,8% | 14,1% | **3,7%** |
| Omset in Ora: 10,000,001 en meer | 7,6% | 5,1% | 5,7% | 12,5% | **2,9%** |

## Vooruitsigte

*Tabel 5.8: Verwagte groei in omset van besighede (Slegs besighede met 'n jaarlikse omset van meer as Ɵ250,000)*

| Besigheidsomset | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 |
|---|---|---|---|---|---|
| Aansienlike toename | 24,0% | 19,4% | 21,2% | 17,6% | **15,4%** |
| Matige toename | 53,2% | 56,1% | 57,6% | 55,9% | **52,0%** |
| Dieselfde | 19,0% | 16,3% | 17,7% | 16,2% | **24,4%** |
| Matige afname | 3,8% | 7,1% | 2,5% | 5,9% | **4,9%** |
| Aansienlike afname | 0,0% | 1,0% | 1,0% | 4,4% | **3,3%** |

*Tabel 5.9: Verwagte groei in personeel van besigheid (Slegs besighede met 'n jaarlikse omset van meer as Ɵ250,000)*

| Personeelgroei | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 |
|---|---|---|---|---|---|
| Aansienlike toename | 3,8% | 6,1% | 6,2% | 6,1% | **5,8%** |
| Matige toename | 48,1% | 42,9% | 41,8% | 34,8% | **30,6%** |
| Dieselfde | 43,0% | 46,9% | 50,0% | 53,0% | **60,3%** |
| Matige afname | 3,8% | 4,1% | 2,1% | 3,0% | **0,8%** |
| Aansienlike afname | 1,3% | 0,0% | 0,0% | 3,0% | **2,5%** |

*Tabel 5.10: Verwagte groei in belegging & uitbreiding van besigheid*
*(Slegs besighede met 'n jaarlikse omset van meer as Ɵ250,000)*

| Belegging & uitbreiding | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 |
|---|---|---|---|---|---|
| Aansienlike toename | 20,3% | 14,3% | 5,2% | 17,0% | **17,0%** |
| Matige toename | 57,0% | 54,1% | 29,4% | 50,0% | **50,0%** |
| Dieselfde | 19,0% | 27,6% | 64,7% | 26,0% | **26,0%** |
| Matige afname | 3,8% | 4,1% | 0,7% | 5,0% | **5,0%** |
| Aansienlike afname | 0,0% | 0,0% | 0,0% | 2,0% | **2,0%** |

*Tabel 5.11: Afset van besighede binne Orania (Slegs besighede met 'n jaarlikse omset van meer as Φ250,000)*

| **Persentasie afset binne Orania** | 2020 Φ | 2021 Φ | 2022 Φ | **2023 Φ** |
|---|---|---|---|---|
| 0% * | | | | **7,4%** |
| 1% - 25% | | 11,4% | 10,6% | **5,8%** |
| 26% - 50% | | 12,0% | 6,1% | **11,6%** |
| 51% - 75% | | 15,2% | 21,2% | **12,4%** |
| 76% - 99% | | 61,4% | 62,1% | **52,1%** |
| 100% * | | | | **10,7%** |

** Voor 2023 is 0% in die 1%-25% kategorie gedokumenteer en 100% in die 76%-99% kategorie gedokumenteer*

# 6. Bou- en konstruksiebedryf

## Bouaansoeke en eiendomsverkope

*Tabel 6.1: Bouaansoeke in Orania ontvang*

| **Tipe aansoek** | 2018 | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | **2023** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Woonhuis | 43 | 38 | 38 | 63 | 94 | **97** |
| Woonstelblok | 2 | 5 | 2 | 0 | 3 | **2** |
| Winkelruimte | 2 | 0 | 2 | 3 | 7 | **0** |
| Kantoorruimte | 1 | 0 | 0 | 0 | 0 | **0** |
| Kerk | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | **0** |
| Industrieel | 1 | 2 | 2 | 5 | 4 | **9** |
| Infrastruktuur | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | **0** |
| Toerisme | 4 | 1 | 1 | 3 | 0 | **0** |
| Opvoedkundig | 1 | 0 | 2 | 0 | 1 | **0** |
| Aanbouings | 33 | 13 | 38 | 41 | 67 | **74** |
| **Totaal** | 87 | 59 | 85 | 115 | 176 | **182** |

*Tabel 6.2: Geskatte waarde van bouplanne in Orania ingedien in Ora (ϕ)*

| **Tipe aansoek** | **2018 (ϕ)** | **2019 (ϕ)** | **2020 (ϕ)** | **2021 (ϕ)** | **2022 (ϕ)** | **2023 (ϕ)** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Woonhuis | 34 702 750 | 31 216 950 | 31 050 855 | 52 503 750 | 86 644 620 | **102 589 131** |
| Woonstelblok | 8 706 000 | 18 629 000 | 7 722 000 | 1 236 250 | 8 088 000 | **5 699 400** |
| Winkelruimte | 2 056 500 | - | 4 422 000 | 4 398 750 | 4 807 415 | **-** |
| Kantoorruimte | 12 200 000 | - | - | | - | **-** |
| Kerk | - | - | - | | - | **-** |
| Industrieel | 15 921 | 2 800 000 | 5 556 800 | 6 135 750 | 11 106 000 | **15 242 500** |
| Infrastruktuur | - | - | - | | - | **-** |
| Toerisme | 3 875 000 | 3 200 000 | 599 500 | 626 750 | - | **-** |
| Opvoedkundig | 45 500 | - | 7 678 000 | | 9 096 000 | **-** |
| Aanbouings | 6 481 071 | 1 855 950 | 11 709 473 | 11 283 554 | 14 122 840 | **18 884 629** |
| **Totaal** | 68 082 742 | 57 701 900 | 68 738 628 | 76 184 804 | 133 864 876 | **142 415 660** |

*Tabel 6.3: Aantal onontwikkelde aandeelblokke in Orania Dorpsgebied (OAB) verhandel*

| Woongebied | 2018 | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Orania-Oos (A-blok & B-blok) | 0 | 2 | 1 | 6 | 2 | **5** |
| Orania-Wes (A-blok & E-blok) | 3 | 6 | 1 | 0 | 2 | **2** |
| Kleingeluk (K-blok) | 10 | 9 | 10 | 12 | 29 | **20** |
| Orania Plato (S-blok) | 22 | 8 | 26 | 35 | 45 | **18** |
| Nywerheidsgebied (N-blok) | 0 | 3 | 5 | 3 | 7 | **2** |
| Dorpshoewes / Oewergebied (H-blok) | 14 | 3 | 12 | 12 | 32 | **40** |
| **Totaal:** | 49 | 31 | 55 | 68 | 117 | **87** |

*Tabel 6.4: Waarde van onontwikkelde aandeelblokke in Orania Dorpsgebied (OAB) verhandel in Ora (ɸ)*

| Woongebied | 2018 (ɸ) | 2019 (ɸ) | 2020 (ɸ) | 2021 (ɸ) | 2022 (ɸ) | 2023 (ɸ) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Orania-Oos (A-blok & B-blok) | - | 680 000 | 485 000 | 2 670 000 | 850 000 | **1 998 027** |
| Orania-Wes (A-blok & E-blok) | 555 000 | 2 410 000 | 1 035 000 | - | 1 875 000 | **300 000** |
| Kleingeluk (K-blok) | 1 290 526 | 1 215 000 | 1 246 000 | 1 760 750 | 5 578 500 | **4 701 900** |
| Orania Plato (S-blok) | 5 542 000 | 2 313 171 | 5 722 433 | 11 462 716 | 14 115 581 | **7 562 225** |
| Nywerheidsgebied (N-blok) | - | 1 202 000 | 1 671 513 | 1 610 000 | 4 992 227 | **2 572 500** |
| Dorpshoewes / Oewergebied (H-blok) | 6 219 000 | 3 260 000 | 7 620 000 | 13 867 333 | 24 233 269 | **25 500 699** |
| **Totaal:** | 13 606 526 | 11 080 171 | 17 779 946 | 31 370 799 | 51 644 577 | **42 635 351** |

*Tabel 6.5: Aantal ontwikkelde aandeelblokke in Orania Dorpsgebied (OAB) verkoop*

| Woongebied | 2018 | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Orania-Oos (A-blok & B-blok) | 11 | 9 | 10 | 8 | 15 | **3** |
| Orania-Wes (A-blok & E-blok) | 1 | 6 | 3 | 7 | 14 | **5** |
| Kleingeluk (K-blok) | 8 | 8 | 11 | 21 | 16 | **26** |
| Orania Plato (S-blok) | 3 | 3 | 5 | 5 | 17 | **15** |
| Nywerheidsgebied (N-blok) | 6 | 0 | 5 | 2 | 4 | **1** |
| Dorpshoewes / Oewergebied (H-blok) | 3 | 4 | 6 | 6 | 3 | **15** |
| **Totaal:** | 32 | 30 | 40 | 49 | 69 | **65** |

*Tabel 6.6: Waarde van ontwikkelde aandeelblokke in Orania Dorpsgebied OAB) verhandel in Ora (ɸ)*

| Woongebied | 2018 (ɸ) | 2019 (ɸ) | 2020 (ɸ) | 2021 (ɸ) | 2022 (ɸ) | 2023 (ɸ) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Orania-Oos (A-blok & B-blok) | 10 561 404 | 15 034 931 | 9 638 691 | 5 990 000 | 17 010 999 | **4 070 044** |
| Orania-Wes (A-blok & E-blok) | 2 109 000 | 4 178 820 | 2 575 000 | 8 320 000 | 19 735 000 | **14 610 850** |
| Kleingeluk (K-blok) | 3 832 500 | 3 770 000 | 4 838 500 | 12 710 000 | 10 594 063 | **18 969 389** |
| Orania Plato (S-blok) | 2 335 000 | 4 600 000 | 9 928 276 | 7 470 000 | 27 879 871 | **24 285 232** |
| Nywerheidsgebied (N-blok) | 2 660 000 | - | 6 822 999 | 1 250 000 | 3 762 067 | **977 500** |
| Dorpshoewes / Oewergebied (H-blok) | 4 197 900 | 6 300 000 | 13 468 404 | 11 560 000 | 11 050 800 | **21 631 822** |
| **Totaal:** | 25 695 804 | 33 883 751 | 47 271 871 | 47 300 000 | 90 032 800 | **84 544 837** |

# 7. Onderwys en opleiding

## Samestelling

*Tabel 7.1: Aantal leerlinge/studente in Orania (Kortkursusse uitgesluit)*

| **Instelling** | 2018 | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | **2023** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Orania CVO-skool * | 236 | 281 | 315 | 346 | 350 | **336** |
| Volkskool Orania * | 112 | 139 | 139 | 140 | 137 | **134** |
| Huppelkind Dagsorgsentrum | 64 | 75 | 66 | 77 | 82 | **81** |
| Bo-Karoo Opleiding | 21 | 50 | 73 | 83 | 88 | **102** |
| Klein Begin Kleutersorg | | | | 10 | 26 | **22** |
| Tuisonderrig | | | | 57 | 83 | **101** |
| Ander ** | 2 | 6 | 14 | 18 | 3 | **1** |
| **Totaal** | 435 | 551 | 607 | 731 | 769 | **777** |

| | |
|---|---|
| Gemiddelde groei per jaar: | 9,0% |

** Nota: Getalle sluit studente wat afstandleer ontvang uit*
*** Nota: Insluitend Excellencia Haar Akademie & Technik Akademie*

*Tabel 7.2: Aantal leerlinge/studente wat afstandonderrig vanuit Orania ontvang*

| **Instelling** | 2018 | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | **2023** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Orania CVO-skool Kuberskool | - | - | - | 26 | 43 | **113** |
| Volkskool Orania Afstandleer | 103 | 143 | 207 | 228 | 194 | **159** |
| **Totaal** | 103 | 143 | 207 | 254 | 237 | **272** |

| | |
|---|---|
| Gemiddelde groei per jaar: | 17,4% |

# 8. Belastingbasis

## Dienste-inkomste: Orania Dorpsraad

*Tabel 8.1: Dienste-inkomste in Orania Dorpsgebied (OAB)*

| Inkomstekategorie | 2018 (ф) | 2019 (ф) | 2020 (ф) | 2021 (ф) | 2022 (ф) | 2023 (ф) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Algemene heffing | 4 202 858 | 4 776 896 | 5 433 793 | 6 101 346 | 7 149 532 | **8 571 160** |
| Elektrisiteitsheffing | 712 199 | 831 132 | 904 699 | 1 022 210 | 1 187 592 | **1 397 152** |
| Rioolheffing | 241 650 | 281 699 | 318 076 | 356 929 | 423 620 | **523 400** |
| Vullisheffing | 686 284 | 787 845 | 886 275 | 1 120 835 | 1 302 412 | **1 572 579** |
| Veiligheidsheffing | 448 298 | 508 783 | 582 258 | 805 836 | 939 944 | **1 104 231** |
| Waterheffing en verkope (netto) | 431 454 | 395 449 | 541 338 | 627 272 | 1 015 054 | **888 349** |
| Elektrisiteitsverkope (netto) | 2 259 375 | 2 697 067 | 2 795 980 | 3 146 006 | 3 280 316 | **3 345 760** |
| Vloedlynrisikoheffing | | | | | 16 128 | **27 794** |
| **Totaal** | 8 982 118 | 10 278 872 | 11 462 417 | 13 180 434 | 15 298 470 | **17 430 425** |

| | |
|---|---|
| Gemiddelde groei per jaar: | 14,1% |

# 9. Kapitaalvorming

*Tabel 9.1: Kapitaalvorming in Orania in Ora (ɸ)*

| Instelling | 2018 (ɸ) | 2019 (ɸ) | 2020 (ɸ) | 2021 (ɸ) | 2022 (ɸ) | 2023 (ɸ) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Orania Groeikrag (Edms) Bpk | 11 209 741 | 14 311 081 | 16 251 907 | 22 098 407 | 29 129 368 | **31 717 590** |
| Orania Groeifonds Beperk | 21 358 107 | 21 240 898 | 22 748 021 | 22 748 021 | 22 253 886 | **23 131 601** |
| OSK Koöperatief Beperk | 146 564 389 | 188 480 556 | 244 807 611 | 322 308 041 | 365 029 116 | **433 976 862** |
| Orania Eiendomsontwikkeling (Edms) Bpk | 11 226 023 | 11 752 123 | 13 395 343 | 14 363 836 | 21 645 628 | **23 205 178** |
| Orania Saambou (Edms) Bpk | 3 498 994 | 9 358 710 | 28 537 635 | 43 597 105 | 52 067 772 | **66 360 554** |
| Gannabos Behuising (Edms) Bpk | 22 590 000 | 34 500 000 | 41 715 527 | 42 419 295 | 42 632 830 | **42 619 046** |
| **Totaal** | 216 447 254 | 279 643 368 | 367 456 044 | 467 534 705 | 532 758 600 | **621 010 831** |

| | |
|---|---|
| Gemiddelde groei per jaar: | 22,1% |

# 10. Klimaat

*Tabel 10.1: Reënval, laagste temperatuur en hoogste temperatuur in Orania*

| | 2018 | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | **2023** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Jaarlikse reënval (mm) | 212,4 | 216,2 | 456,6 | 528,2 | 450,4 | **396,2** |
| Laagste minimum temperatuur (°C) | -4,5 | -4 | -7,3 | -7,4 | -5,9 | **-2,9** |
| Hoogste maksimum temperatuur (°C) | 41 | 39,2 | 37,6 | 36,2 | 36,6 | **40,7** |

# 11. Voedselmandjie

## Samestelling

*Tabel 11.1: Orania voedselmandjie*

| Produk | 2019 (ȸ) | 2020 (ȸ) | 2021 (ȸ) | 2022 (ȸ) | 2023 (ȸ) |
|---|---|---|---|---|---|
| Frisco koffie: 250g | 35,99 | 35,99 | 40,36 | **44,85** | **122,97** |
| Rooibostee: 40 sakkies | 31,99 | 31,99 | 32,71 | **34,92** | **30,13** |
| Suiker: 1kg | 20,99 | 22,99 | 22,66 | **24,50** | **28,53** |
| Langlewe melk: 12ℓ | 167,88 | 170,04 | 188,35 | **205,52** | **239,75** |
| Morvite / growwe mieliemeel: 2kg | 23,99 | 29,99 | 28,00 | **39,96** | **46,60** |
| Eiers: 36 | 70,00 | 73,98 | 81,04 | **90,30** | **116,88** |
| Maalvleis: 8kg | 719,92 | 799,92 | 841,12 | **772,77** | **646,81** |
| Macaroni / Spagetti: 4kg | 115,92 | 115,92 | 115,34 | **148,05** | **150,21** |
| Sout: 125g | 13,99 | 15,99 | 19,20 | **18,63** | **7,84** |
| Peper: 50g | 30,99 | 30,99 | 30,14 | **34,69** | **19,67** |
| Tamatiesous: 700ml | 31,99 | 34,99 | 36,30 | **37,56** | **42,21** |
| Blatjang: 470g | 31,49 | 32,99 | 38,84 | **39,86** | **46,66** |
| Tuna in soutwater: 1,36kg | 127,92 | 155,92 | 213,78 | **214,54** | **162,55** |
| Sonneblomolie: 750ml | 19,99 | 21,99 | 30,62 | **39,67** | **32,09** |
| Appels: 1,5kg | 26,99 | 26,99 | 22,75 | **26,30** | **34,00** |
| Bruinbrood: 14 | 104,86 | 104,86 | 190,93 | **225,21** | **243,70** |
| Stork margarien: 1kg | 42,49 | 42,49 | 55,26 | **61,38** | **60,34** |
| Tamaties: 1kg | 24,99 | 19,99 | 21,75 | **24,98** | **26,95** |
| Uie: 1kg | 21,99 | 21,99 | 8,25 | **24,83** | **27,23** |
| Aartappels: 1kg | 9,99 | 10,99 | 14,33 | **21,43** | **26,47** |
| Gemengde gevriesde groente: 1kg | 35,99 | 37,99 | 34,00 | **32,61** | **36,71** |
| Kaas: 300g | 33,00 | 33,00 | 35,91 | **39,84** | **62,98** |
| Toiletpapier: 12 | 62,38 | 62,39 | 37,37 | **73,52** | **49,40** |
| OMO waspoeier: 1kg | 46,99 | 46,99 | 38,60 | **35,09** | **82,48** |
| Badseep: 2 | 24,98 | 25,98 | 24,76 | **33,58** | **72,93** |
| Tandepasta: 2 | 23,98 | 27,98 | 28,44 | **43,52** | **42,44** |
| Sjampoe: 350ml | 23,99 | 26,99 | 23,38 | **31,36** | **45,05** |
| Handeroom: 200ml | 23,99 | 25,99 | 27,68 | **35,08** | **45,98** |
| **Totaal** | 1 949,66 | 2 088,31 | 2 281,87 | **2 454,55** | **2 549,56** |

| | |
|---|---|
| Gemiddelde verhoging per jaar: | 6,9% |

*Die voedselmandjie is saamgestel en word maandeliks deur die Orania Landbouvereniging bygehou.*

# Notas

# Notas

# Orania Dorpsraad

Tel: 053 207 0063/4

Faks: 086 531 7129

Olienhoutrylaan 1

Posbus 115 Orania 8752

e-pos: inligting@myorania.co.za


*Gedruk deur **SwiftPrint**, Kimberley, 053 839 2900*